

Die rand ná Nene?

'n Verslag oor die jongste ronde van randdepresiasie

Deur Gerhard van Onselen,
ekonomiese navorser
Solidariteit Navorsingsinstituut
Maart 2016



Inhoudsopgawe

Die rand ná Nene – Verslag in 'n neutedop	3
1. Inleiding: die rand as 'n verhandelbare geldeenheid	5
2. Historiese oorsig van die USD-ZAR-wisselkoers	6
2.1 Die nadraai van die Nene-debakel	8
2.2 Geleidelike waardedaling van die geldeenheid voor Nene se ontslag	9
2.3 Redes vir die depresiasie ná April 2011	9
3. Die voordele van 'n verswakte geldeenheid, mite of werklikheid?	11
3.1 Is randswakheid voordelig?	11
3.2 Die skokbreker	12
4. Slotsom	13

Die rand ná Nene – Verslag in 'n neutedop

Desember 2015 is 'n maand wat vir seker onthou sal word vir president Zuma se onbesonne besluit om Nhlanhla Nene as minister van finansies af te dank, 'n besluit wat die rand aansienlike ellende op die internasionale valutamarkte besorg het.

Die ernstige nasleep daarvan was dat die rand skerp waarde teenoor ander geldeenhede verloor het. Dit het die swakheid van die rand opnuut op die voorgrond van die openbare diskoers gebring. Die swakker rand het ook verswarend ingewerk op die konteks waarbinne Pravin Gordhan, minister van finansies, sy begrotingsrede van Februarie 2016 moes lewer.

Sedertdien het die rand 'n mate van die waarde wat met Nene se ontslag verloor is herwin, net om ná die begrotingsrede in Februarie weer onbestendig te raak. Selfs voor Nene se ontslag en die onbestendigheid ná die begroting het die rand geleidelik teenoor die dollar verswak.

Die onbestendige wisselkoers ná Nene is nie die volle verhaal nie. Hoe ongelooflik dit nou ook al mag klink, het die rand net vyf jaar gelede, in April 2011, teen sowat R6,60 teenoor die Amerikaanse dollar verhandel. Sedertdien is hoogtepunte van tot sowat R16,80 behaal.

Hierdie bondige verslag bied 'n bespreking van 'n paar hoofpunte rakende die huidige tendens van depresiasie van die rand. Die verslag moet aanvullend tot ons hoofartikel (deur Russell Lamberti) en makro-ekonomiese opdatering vir 2016 Kwartaal een in Januarie–Maart 2016 se uitgawe van die *Suid-Afrikaanse Arbeidsmarkrapport*¹ gelees word.

Samevatting van hoofpunte

- Sedert April 2011 het die rand stelselmatig aansienlik waarde teenoor die Amerikaanse dollar verloor. Die rand het van sowat R6,60 per Amerikaanse dollar tot sowat R15,64 (15 Maart 2016) per dollar verswak, 'n depresiasie van nagenoeg 60%.
- Hoewel dit 'n element van skok by die rand-dollar-wisselkoers gevoeg het, het Nene se ontslag inderwaarheid relatief min bygedra tot die algemene tendens van randdepresiasie wat sedert April 2011 geld.
- Die rand het nou die vorige historiese laagtepunte van sowat R13 per Amerikaanse dollar – 'n waarde wat laas in Desember 2001 gesien is – ver verbygesteek.
- Sedert 2000 toon die rand-dollar-wisselkoers groot sikliese onbestendigheid. Wat die tydperk van 2000 tot die hede betref, het twee groot rondes van appresiasie en drie groot rondes van depresiasie voorgekom.
- 'n Kortstondige herstel uit die post-Nene-insinking is waarskynlik en dit lyk trouens of dit reeds aan die gang is. Sodanige ommekeer is te verwagte. 'n Ommeswaai uit 'n skielike skerp verswakking in die wisselkoers moet egter nie verwar word met 'n algehele verandering in die neiging vanaf randswakheid tot randsterkte nie.
- Die langer huidige ronde van depresiasie (April 2011 tot nou toe) word klaarblyklik minder deur eksterne ekonomiese skokke en meer deur ongunstige binnelandse beleide en wetgewing aangedryf. SA

¹Lees die volledige verslag by <https://navorsing.solidariteit.co.za/wp-content/uploads/sites/19/2016/02/Solidariteit-ETM-SA-Arbeidsmarkrapport-2016KI.pdf>.

se inflasie-aangepaste BPP per capita-groei, gemeet in VSA-dollar, het sedert 2007 grotendeels gestagneer en swakker gevaar as verskeie lande wat met 'n swak wêreldwye ekonomie en soortgelyke blootstelling aan kommoditeit- en metaaluitvoermarkte te kampe het.

- In tye van randdepresiasie hoor 'n mens dikwels dat 'n swakker geldeenheid in werklikheid voordelig is vir die ekonomie. Dié argument berus op die idee dat 'n swakker geldeenheid uitvoerbedrywighe en binnelandse ekonomiese aktiwiteit aanwakker.
- Hoewel 'n wisselkoers-skokbreker inderdaad kan dien om 'n geldeenheid tydelik stadiger sy waarde te laat verloor of selfs 'n depresiasie kan omswaai, kan dit nie die nadelige langtermyngevolge van 'n regering se fiskale en ekonomiese wanbestuur uitskakel nie.
- 'n Geldeenheid weerspieël uiteindelik die fundamentele realiteite van 'n land se breër binnelandse ekonomie en die uitreiker van die geldeenheid. As die swak is, sal die geldeenheid neig om daarmee saam te verswak.
- Ons voer aan dat 'n groot deel van Suid-Afrika se huidige ekonomiese probleme, soos wat deur die verswakte geldeenheid weerspieël word, aan ongunstige ekonomiese beleidsmaatreëls en toenemend skadelike staatsinmenging te wyte is.
- As daar nie aansienlik van dié skadelike beleid en wette afgesien word nie, sal die rand voortgaan om onder te presteer vergeleke met die geldeenhede van lande met gunstiger beleide en fundamentele ekonomiese faktore.

Wat beteken dit vir die gewone mens in Suid-Afrika?

Vir Jan Alleman hou 'n verswakkende geldeenheid negatiewe gevolge in, onder meer duurder invoere, plaaslike pryse wat vinniger styg, waarskynlike rentekoersstygings, kostedruk op sakeondernemings, afleggings en algemene werksonsekerheid in die arbeidsmark. Die huidige ronde van randswakheid is gevolglik vir die meeste mense in Suid-Afrika skadelik.

Hoewel daar altyd eksterne skokke is, speel beleidsmaatreëls wat ongunstig vir ekonomiese groei is die grootste rol in 'n swak binnelandse ekonomie. Dit is interne faktore wat deur die regering omgekeer kan word.

Ekonomieë is uiters veerkragtig en kan vinnig herstel om weer broodnodige, gesonde groei te behaal. Wat nodig is, is dat skadelike beleid en wetgewing omgekeer moet word en dat die staat minder by die ekonomie moet inmeng. Ongelukkig het die nasionale begrotingsrede van Februarie 2016 grootliks mank gegaan aan 'n ondubbelsinnige verwysing na dié soort vryheidsliewende hervormings.

I. Inleiding: die rand as 'n verhandelbare geldeenheid

Om die skielike verswakking van die rand ná minister Nene se ontslag te verstaan, moet 'n mens weet hoe die mark vir geldeenhede werk. Geldeenhede wat deur regerings uitgereik word en waarvan die rand een is, word op omvangryke valutamarkte verhandel op 'n manier baie soortgelyk aan kommoditeite soos olie, goud en mielies.

Dit beteken daar is 'n markvraag en 'n markaanbod van geldeenhede, net soos van enige ander kommoditeit. Dit sluit die rand in, 'n geldeenheid wat op groot skaal op internasionale markte verhandel.

Mense koop of verkoop 'n geldeenheid om verskeie redes, soos onder meer vir invoer-/uitvoertransaksies, reisdoeleindes, buitelandse beleggings, of spekulatiewe verhandeling. As 'n algemeen verhandelde handelsitem is die rand aan markskommelings blootgestel. Paniekverkope vind gereeld op talle markte plaas. Op valutamarkte gebeur dit wanneer 'n groot hoeveelheid van 'n nasionale geldeenheid binne 'n kort tydjie verkoop word.


Tydens 'n markpaniek kan paniekverkope veroorsaak dat 'n geldeenheid baie van sy waarde teenoor ander geldeenhede verloor. Dit word weerspieël deur 'n daling in die betrokke geldeenheid se wisselkoers teenoor die ander geldeenhede waarteen die verhandeling plaasvind.

Valutaskepping is nog 'n manier waarop 'n geldeenheid van sy waarde teenoor ander geldeenhede kan inboet. Dit gebeur wanneer bykomende eenhede van die betrokke geldeenheid deur die land se sentrale bank en sy invloed op die nasionale bankstelsel geskep word. Dit kom in wese neer op die druk van geld wat uit die lug gegryp is. Die bestaande eenhede van die geldeenheid word daardeur minder waardevol gemaak.

Toe minister Nene skielik by president Zuma die trekpas kry, het dit tot 'n paniekverkoping van die rand gelei. Nogtans kan die grootste deel van die huidige tendens van die randverswakking (sedert April 2011) nie aan Nene se ontslag toegeskryf word nie, soos ons vroeër genoem het.

2. Historiese oorsig van die USD-ZAR-wisselkoers


Die volgende langtermyngrafiek illustreer die beweging van die rand-dollar-wisselkoers. Gedurende die 80's en 90's het 'n aansienlike verswakking teenoor die Amerikaanse dollar plaasgevind. Sedert 2000 toon die rand-dollar-wisselkoers 'n toenemende sikliese wisselvalligheid.



Wat die tydperk van 2000 tot die hede betref, het die rand twee keer teenoor die dollar op groot skaal veld gewen, en drie keer op groot skaal veld verloor.

Die tydperke 2002K1–2004K4 en 2008K4–2011K1 toon 'n appresiasie van die rand teenoor die Amerikaanse dollar. In die jare voor 2000 en tot 2001K4, asook van 2005K1–2008K3 en 2011K2 tot die hede, het die rand waarde teenoor die Amerikaanse dollar verloor. Tans is die rand in 'n ronde van depresiasie. Die volgende grafiek dui die vernaamste rondes van appresiasie en depresiasie aan.

Rand per Amerikaanse dollar: Vernaamste tendense sedert 2000



Bronne: SARB; SNI

Skerp opswaai in die wisselkoers dui daarop dat eksterne ekonomiese skokke 'n groot rol gespeel het aan die stertkant van die depresiasie vanaf die tydperk voor 2000 tot 2001 en die depresiasie van 2005 kwartaal een tot 2008 kwartaal drie. Dit is klaarblyklik minder die geval met die jongste ronde van depresiasie.


Die randdepresiasie van 2008–2009 is grootliks aan die finansiële krisis van die laat 2000's te wyte. Tydens dié krisis het die rand skerp teenoor die dollar veld verloor toe ontluikende markte se geldeenhede onder druk gekom en verkoop is; daarna het die rand heeltelmal herstel.

Op 'n soortgelyke manier was daar 'n skerp depresiasie oor die tydperk 2000–2001, wat ook deur 'n stewige herstel gevolg is. Redes vir die devaluasie van 2000–2001 was onder meer die gevolge van die dotcom-ineenstorting op die aandelemark (NASDAQ), die 9/11-terreuraanvalle in New York, asook die optrede van die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB).²

² Veranderings in die SARB se standpunt oor valutabeheer en 'n verbintenis tot dollaraankope om termynposisies in buitelandse valuta te dek het hier 'n rol gespeel.

2.1 Die nadraai van die Nene-debakel

Minister Nene se skielike ontslag het skokgolwe deur die valutamarkte gestuur en die rand op kort termyn in 'n beduidende depresiasie gedompel. Binne slegs enkele dae het die waarde van die rand van R14,60 per Amerikaanse dollar tot 'n sluitingshoogtepunt van R16,89 per dollar getuimel. Dit het uitgewerk op 'n tydelike randdepresiasie van nagenoeg 14% teenoor die dollar, 'n uiters groot beweging, selfs vir sterk fluktuerende valutamarkte.



'n Mate van bestendigheid het eers weer ingetree ná president Zuma se heraanstelling van Pravin Gordhan as minister van finansies (die omkeer van 'n vroeëre besluit om 'n grootliks onbekende lid van die parlement, David van Rooyen, as minister van finansies aan te stel).

Die rand het sedertdien gedeeltelik herstel van die post-Nene-verswakking en verhandel tans weer in die omgewing van R16 per Amerikaanse dollar. Die uitwerking wat Nene se ontslag gehad het, is 'n duidelike bewys van die rand se potensiele onbestendigheid.

Hoewel minister Nene se ontslag, en die politieke woeling rondom minister Gordhan, die rand en sy onlangse verliese weer op die voorgrond van die openbare diskoers gebring het, het dit 'n kleinerige rol gespeel in die langer, onderliggende tendens van randdepresiasie wat sedert April 2011 geld.

2.2 Geleidelike waardedaling van die geldeenheid voor Nene se ontslag

Sedert die tweede kwartaal van 2011 het die rand van sowat R6,60 per Amerikaanse dollar tot sowat R15,65³ per dollar verswak, 'n depresiasie van nagenoeg 60% teenoor die dollar. Die rand het nou die vorige historiese laagtepunt van sowat R13 per dollar, 'n waarde wat laas in Desember 2001 gesien is, verbygesteek.

Makro-ekonomiese realiteite, soos 'n swak vraag na kommoditeite, 'n sterker dollar en swak groei wêreldwyd dra by tot die druk waaronder die plaaslike geldeenheid verkeer, maar dra nie alleen die skuld vir die rand se deurlopende verswakking sedert 2011 nie.

Hoewel eksterne makro-ekonomiese uitdagings wel 'n rol speel, is 'n groot deel van die huidige swakheid van die rand aan 'n verslegtende binnelandse beleidsomgewing toe te skryf. Die verslegtende vooruitsigte word grootliks veroorsaak deur regulatoriese onsekerheid, beleid wat vrye ondernemerskap vyandiggesind is, eiendomsregte wat bedreig word en die arbeidsmark wat erg aan bande gelê word.⁴

Vir die gewone mens in Suid-Afrika hou 'n verswakkende geldeenheid negatiewe gevolge in. 'n Swak geldeenheid gaan gepaard met hoër invoerkoste, stygende plaaslike pryse, die waarskynlikheid van rentekoersverhogings en druk op sakeondernemings se marges.

Ten spyte daarvan skryf sommige dikwels netto voordele aan 'n swakker geldeenheid toe. Dié voordele, beweer hulle, vloei voort uit die gevolge wat teweeggebring word deur 'n hoër rand-prys per uitvoerprodukt tesame met die aansporing vir nywerhede wat goedere en dienste plaaslik produseer en met ingevoerde produkte meeding. In afdeling 3.1 dui ons aan dat sodanige netto voordele, indien hulle hoegenaamd voorkom, meesal geïsoleerd, oordrewe en van korte duur is, en nie vir die ekonomie in sy geheel voordelig is nie.

2.3 Redes vir die depresiasie ná April 2011


Die huidige ronde van randverswakking (2011 kwartaal twee tot vandag) is klaarblyklik minder aan eksterne skokke te wyte; dit is oorwegend meer die ongunstige interne makro-ekonomiese realiteite te midde van swak eksterne faktore wat hier die grootste rol speel.

Oor dié tydperk is 'n geleidelike depresiasie plaas van skielike skokke waargeneem. Dit dui op 'n geleideliker agteruitgang van die geldeenheid. Die skielike randverswakking ná Nene was 'n uitsondering hierop, maar soos voorheen aangedui is, het dit slegs 'n matige aantal persentasiepunte se depresiasie by 'n reeds verswakte geldeenheid gevoeg.

Die twee tendenslyne in die volgende grafiek gee 'n raming van die koers wat die huidige ronde van randdepresiasie kan volg indien die huidige tendens van randdepresiasie onveranderd voortduur.

³ Gemiddeld oor die laaste 30 dae vóór die datum van vrystelling.

⁴ Verwys na Russell Lamberti se artikel, *The failure of government's economic policies* in die Januarie–Maart-uitgawe van die *Suid-Afrikaanse Arbeidsmarkrapport*, beskikbaar by <https://navorsing.solidariteit.co.za/solidariteit-etm-suid-afrikaanse-arbeidsmarkrapport/>



Vanweë die swak makro-ekonomiese fundamentele faktore en ongunstige beleidsomgewing, wat breedvoerig bespreek is in die mees onlangse uitgawe van die *Suid-Afrikaanse Arbeidsmarkrapport* vir Januarie–Maart-2016, verwag ons dat die rand sy neiging om te verswak, in ooreenstemming met die swak binnelandse ekonomiese fundamentele faktore, sal voortsit.

'n Kortstondige herstel van die post-Nene-randverswakking (die ligblou gedeelte van die grafiek) is waarskynlik en klaarblyklik reeds aan die gang, effens gestuit deur Februarie se begrotingsrede en die politieke woelinge rakende minister Gordhan daarna. Sodanige herstel is te verwagte. 'n Herstel ná 'n skielike piek in die rand-dollar-grafiek weens paniekverkope moet egter nie aangesien word vir 'n algehele verandering in die langer termyn neiging na randswakheid nie.

Om na die vlak voor Nene se afdanking te herstel, sal die rand tot sowat R14,60 per Amerikaanse dollar moet verstewig. 'n Ware afwyking van die bestaande tendens van randswakheid sal slegs aangekondig word deur 'n verbetering waar die rand eerstens afwaarts deur die twee tendenslyne op die grafiek breek, en dit dan van daar af opvolg met 'n voortgesette verstewiging teenoor die dollar. In die afwesigheid van beduidend positiewe eksterne faktore (of groot beleidsgedrewe verswakings van ander geldeenhede) sal so 'n herstel 'n betekenisvolle verbetering in die Suid-Afrikaanse beleidsomgewing verg.

3. Die voordele van 'n verswakte geldeenheid, mite of werklikheid?

Wanneer 'n geldeenheid depresieer word daar dikwels aangevoer dat die depresiasie voordelig sal wees, aangesien dit uitvoere aanwakker en 'n aansporing is om dinge plaaslik te produseer pleks van in te voer.

3.1 Is randswakheid voordelig?

Dit is verseker korrek om te redeneer dat 'n groter vraag na plaaslike produkte en dienste (plaaslike uitvoere) onder buitelanders kan ontstaan wanneer die rand swak is. Buitelanders sal talle plaaslike produkte en dienste goedkoper vind wanneer dit in hul eie geldeenheid gedenomineer is en kan gemotiveer word om hul aankope van dié produkte te verhoog.

Onder sulke omstandighede kan 'n mens verwag dat plaaslike produsente van uitvoerbare produkte en dienste hul uitset sal verhoog om in die groter buitelandse vraag te voorsien. Dit, word daar beweer, stimuleer die aanbod van plaaslik geproduseerde goedere en dienste aan buitelanders. Verder word dikwels aangevoer dat die hoër pryse van ingevoerde produkte voordelig sal wees vir die plaaslike produsente van produkte wat met ingevoerde produkte meeding.

Wat betwisbaar is, is die vermeende algemene voordele wat uit 'n swakker geldeenheid voortvloei, asook die idee dat 'n swak geldeenheid plaaslike produsente ondersteun. 'n Aantal tersaaklike faktore volg.

In die eerste plek moet 'n mens onthou dat die voordele van 'n verswakte geldeenheid geïsoleerd is en hoofsaaklik na 'n klein minderheid van individue of sakeondernemings vloei. Diegene wat hul inkomste in buitelandse valuta verdien, tesame met die enkele uitvoerders wat nie besonder van duurder ingevoerde insette afhanklik is nie, kan miskien aanvanklik by 'n verswakte geldeenheid baat.

Selfs dan is dié individue en sakeondernemings meesal nie gevrywaar teen die latere nadelige gevolge van 'n verswakte geldeenheid nie. Dié gevolge is onder meer die hoër pryse van ingevoerde goedere en hoër pryse vir plaaslike goedere.

Hoër invoerpryse sal tot prysinflasie bydra en lone onder druk plaas. Hoër lone en hoër insetkoste, onder meer, sal druk op sakeondernemings se winsmarges laat toeneem. Sodanige sakeondernemings sal dan versigtiger raak in hul besteding.

Boonop kan 'n toename in prysinflasie meebring dat die SARB rentekoerse verhoog, wat die bekostigbaarheid van krediet sal inperk. Dit sal besteding onder besighede en individue wat van skuld afhanklik is, aan bande lê.

Prysinflasie en hoër invoerpryse verlaag ook baie mense se lewenstandaard. Die meeste verbruikers kan dan skielik nie meer bekostig om sekere produkte of dienste in dieselfde mate te verbruik as wat hulle dit voor die depresiasie verbruik het nie, wat 'n pynlike aanpassing verg.

Die kern van die saak is dat die geldeenheid eers moet depresieer voordat enige vermeende voordele daaruit kan voortspruit. Depresiasie vind nie plaas sonder dat dit 'n groot aantal mense wat die geldeenheid gebruik, seermaak nie.

3.2 Die skokbreker

In tye van randswakheid word die swakker geldeenheid dikwels vergelyk met 'n "skokbreker" vir die ekonomie en 'n buffer teen wêreldwye ongestadigheid. In onlangse verklarings het Lesetja Kganyago, president van die SARB, die swakker wordende rand met 'n skokbreker vir die ekonomie gelykgestel. Die SARB se huidige standpunt is dat die vermindering in die waarde van die geldeenheid toegelaat moet word om sy loop te neem.

Luidens mediaberigte het Kganyago in September verlede jaar gesê:

'n Verdere daling in die waarde van die rand is nie noodwendig 'n slegte ding nie en die geldeenheid moet toegelaat word om sy rol as 'n skokbreker te vervul. [...] Ons beoordeling van die Suid-Afrikaanse ekonomie is dat die risiko vir die ekonomiese vooruitsig aan die afwaartse kant is. Dit volg nie (logies daarop) dat die depresiasie van die rand 'n slegte ding is vir die land nie, indien hoegenaamd behoort dit die uitvoersektor te ontsien.⁵

In Februarie 2014 het Gill Marcus, voormalige president van die SARB, na berig word, voor die begrotingsrede soos volg opgemerk:

Suid-Afrika volg 'n aanpasbare wisselkoersbenadering juis omdat die wisselkoers die skokbreker is, en sy werk doen. [...] "Die ander element daarvan is dat jou ingevoerde goedere duurder word, soos ons gesien het. Dit is weer eens vir Suid-Afrikaanse ondernemings 'n geleentheid om te kyk hoe hul produksie daar uitsien. Is daar 'n moontlikheid dat invoervervanging kan plaasvind?⁶

As 'n mens die bogenoemde stellings moet glo, sal die huidige ronde van randdepresiasie (wat met die skokbreker geassosieer word) terselfdertyd die balans tussen invoer en uitvoer ten gunste van plaaslike uitvoerders verbeter én die afhanklikheid van ingevoerde goedere beperk.

Daarby dien duurder invoerprodukte blykbaar as 'n aansporing vir plaaslike produsente om meer mededingend te wees. In dié verband word weer eens aan die hand gedoen dat 'n geldeenheid wat depresieer voordelig is. 'n Paar probleme met dié siening is reeds in afdeling 3.1 behandel.

In die geval van 'n verswakte geldeenheid kan die skokbreker soos volg werk: 'n Toename in die vraag na produkte en dienste onder buitelanders sal saamval met 'n toename in die vraag na rand. As buitelanders hul aankope van plaaslike goedere en dienste verhoog en dus ook hul aankope van die rand, sal die rand uiteindelik van sy waarde teenoor ander geldeenhede herwin.

Let op dat die skokbreker ook omgekeerd werk. Wanneer 'n geldeenheid "te veel" teenoor ander geldeenhede versterk, sal dit vir die plaaslike deelnemers aan die ekonomie 'n aansporing wees om relatief goedkoper produkte uit ander lande in te voer. Dit vereis dat die plaaslike geldeenheid verkoop word om buitelandse geldeenhede te koop. In sulke gevalle sal die skokbreker tot 'n afname in uitvoer, 'n toename in invoer en opplaas 'n depresiasie van die geldeenheid lei.

Sodanige skokbreker-effek is egter 'n normale ekonomiese funksie wat by 'n geldeenheid met 'n vryswewende wisselkoers – een wat vrylik verhandel word – te sien is. Vryheid is normaal – beperkings op vrye handel (vrye handel sluit valutatransaksies in) is abnormaal.

Die skokbreker moet daarom inderdaad toegelaat word om sy loop te neem ten einde die billike waarde van geldeenhede, produkte en dienste oor landsgrense heen te koördineer. Uiteindelik word billike waarde deur ekonomiese fundamentele faktore bepaal en op die lange duur kan skokbreker-effekte nie swak fundamentele faktore omkeer nie.

⁵ <http://www.fin24.com/Economy/Further-rand-weakness-not-all-bad-Sarb-governor-20150906>

⁶ <http://www.fin24.com/Budget/Gordhan-Weak-rand-a-shock-absorber-20140226>

As 'n land se ekonomiese fundamentele faktore swak is, sal sy geldeenheid uiteindelik daardie fundamentele faktore weerspieël, ondanks skokbreker-effekte. Ons argument is in elk geval dat dit vir beleidmakers baie beter is om hulle toe te spits op die verwydering van struikelblokke wat die verbetering van fundamentele faktore verhinder, eerder as om op die vermeende skokbrekervoordele van 'n swakker geldeenheid te hoop.

Neem laastens in ag dat die meeste regerings 'n groot mate van beheer oor hul nasionale geldeenheid uitoefen en 'n geldeenheid kan depresieer deur meer daarvan te skep. Om dit tot die uiterste te voer: as 'n swak geldeenheid werklik oor die algemeen voordelig was, sou regerings dit na willekeur kon inspan deur die drukperse ewigdurend aan die gang te hou met die druk van meer geld.

Openlike oproepe dat geldeenhede moet depresieer, of vir depresiasie se meer vernietigende beleidsuiterste, die regstreekse druk van geld, word selde in die werklikheid gehoor. Die rede is dat 'n geldeenheid wat waarde verloor geen wesentliche voordele vir 'n ekonomie in die algemeen inhou nie. Was dit wel die geval, sou regerings en banke lankal hul lande met behulp van die gelddrukpers voorspoedig gemaak het.

4. Slotsom

Hoewel ekonomiese wêreldwyd die wind van voor kry, en laer kommoditeitspryse, 'n sterker dollar en swak groei wêreldwyd verdere druk op die Suid-Afrikaanse ekonomie en sy geldeenheid laai, is dié eksterne ekonomiese hindernisse nie die hoofredes vir die swak geldeenheid nie.

Op die lange duur weerspieël 'n geldeenheid die ekonomiese fundamentele faktore van die uitreiker. Dié fundamentele faktore is hoofsaaklik plaaslike en nie eksterne faktore nie. Regerings beïnvloed in groot mate hierdie beleidsomgewings wat reële ekonomiese groei kan smoor of stimuleer.

In Suid-Afrika se geval kan verreweg die meeste skade wat aan die ekonomie gedoen is en deur die swakker rand weerspieël word, regstreeks terugvoer word na 'n toenemende aantal self-toegediende wonde wat beleid betref. Hier moet regulatoriese onsekerheid en beleid wat ekonomiese groei in die wiele ry meesal die skuld kry. Russell Lamberti, hoofstrateeg by ETM Analytics, som dié siening soos volg op in sy jongste artikel wat in die *Solidariteit-ETM Arbeidsmarkrapport* verskyn het:

Elke land het eiesoortige uitdagings en geleenthede. In Suid-Afrika se geval bied nóg sy hoë vlakke van ongelykheid nóg sy kommoditeitsblootstelling egter 'n voldoende verklaring vir die swak vertoning van sy ekonomie. En swak groei in die belangrikste ekonomiese wêreldwyd het baie van die belangrike ontluikende markte nie naastenby in dieselfde mate aan bande gelê as wat na bewering die geval is met Suid-Afrika nie.

Die uitdagings vir Suid-Afrika, so lyk dit, is om beleid wat antagonisties is teenoor die sakewêreld, grootskaalse staatsinmenging en buitensporige regulering te bowe te kom. Wat in die besonder in Suid-Afrika uitstaan is regulatoriese onsekerheid, dreigemente oor eiendomsregte, die eskalاسie van reëls vir swart ekonomiese bemagtiging, chroniese wanbestuur van groot staatsondernemings, en van die mees beperkende arbeidswetgewing ter wêreld.

'n Rand wat verswak is vir die meeste mense in Suid-Afrika nadelig. Invoerpryse eskaleer, pryse styg, sakeondernemings raak versigtig, arbeid raak duur, lewensstandaarde gaan agteruit en mense met skuld betaal meer vir daardie skuld.

Indien dié nadelige beleidsrigtings nie omgekeer word nie, sal die rand verder verswak teenoor die geldeenhede van lande wat vryer is, soos weerspieël in verstandiger beleide en minder beperkende handelsomgewings.

In dié sin lê die beheer in die regering se hande. Skadelike beleide kan omgekeer word. Beter beleide kan opgestel word. Wat nodig is, is 'n verbintenis tot verstandige, vryheidsliewende hervormings en minder staatsinmenging in die ekonomie. Om mense toe te laat om vrylik handel te dryf en welvaart te skep, is die beste beleid om die ekonomie te laat groei en die geldeenheid te laat herstel.